



Verwysing: 20211125 - 8227
Lêerno.: 8/5/8/P
Navrae: LM Coleridge-Zils

Omsendbrief: 0002/2022
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs, Prinsipale van openbare skole en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Privaatheidsbeleidtemplaaf vir openbare skole ingevolge die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013).*

Onderwerp: Privaatheidsbeleidtemplaaf vir openbare skole ingevolge die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013)

1. Die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA), 2013 (Wet 4 van 2013) het op 01 Julie 2021 in werking getree en die grasietydperk van een jaar vir die inwerkingstelling het op 30 Junie 2021 verstryk.
2. Die doel van die POPIA is om—
 - 2.1 gevolg te gee aan die grondwetlike reg op privaatheid, deur persoonlike inligting te beskerm wanneer dit deur 'n verantwoordelike party geprosesseer word, onderhewig aan regverdigbare beperkings wat gerig is op die—
 - a) balansering van die reg op privaatheid teenoor ander regte, in besonder die reg op toegang tot inligting; en
 - b) die beskerming van belangrike belange, met inbegrip van die vrye vloei van inligting binne die Republiek van Suid-Afrika en oor internasionale grense;
 - 2.2 die wyse waarop persoonlike inligting geprosesseer mag word, te reguleer deur voorwaardes, in harmonie met internasionale standaarde, te vestig wat die minimum vereistes vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting voorskryf;

- 2.3 persone met regte en remedies beskerming van hulle persoonlike inligting te gee; en
 - 2.4 vrywillige en verpligte maatreëls, met inbegrip van die instelling van 'n Inligtingsreguleerder, in te stel, ten einde respek vir, en die bevordering, afdwinging en verwesentliking van, die regte wat in die Wet beskerm word, te verseker.
3. Verantwoordelike partye, soos prinsipale, as inligtingsbeamptes van openbare skole word nou deur die wet vereis om persoonlike inligting van datasubjekte teen die onwettige versameling, behoud, verspreiding en gebruik van persoonlike inligting te beskerm.
 4. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement het die aangehegte privaatheidsbeleidtemplaot opgestel om prinsipale van openbare skole te help wanneer hulle die skool se privaatheidsbeleid saamstel om te verseker dat die skool:
 - 4.1 aan die POPIA voldoen;
 - 4.2 die regte van datasubjekte soos omskryf, beskerm;
 - 4.3 deursigtig is oor hoe dit persoonlike inligting van datasubjekte berg en prosessee; en
 - 4.4 die skool en die datasubjekte se regte beskerm teen die risiko van 'n sekuriteitskending.
 5. Maak asseblief seker dat die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes gebring word.

GETEKEN: B WALTERS

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2021-12-21